**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 JUNIE 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | - | Speaker |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | - | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SR Claassen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | - | Munisipale Bestuurder (waarnemend) |
| Mnr. GJ Goliath | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Me. A Lawrence | - | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Mev. A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. K Abrahams | - | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling (waarnemend) |
| Mev. JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |

AKSIE

**RVN001/06/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Lesch open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom.

***

**RVN002/06/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Uitvoerende Burgemeester – Min May bywoning
Munisipale Bestuurder – Min May bywoning
Raadsheer J Swart - verskoning

***

**RVN003/06/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange, met betrekking tot items in die agenda, het nie.

***

**RVN004/06/2017**
**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 30 MEI 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 30 Mei 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (RR FILLIS)***

***

**RVN005/06/2017**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 30 MEI 2017**
**3/3/2/2**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en gee terugvoering oor die Raadsbesluite van die vergadering gehou op Dinsdag 30 Mei 2017, ter inligting aan die Raad.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN006/06/2017**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/06/2017**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

- Simpatiseer en wens sterkte toe aan Raadslid Claassen met die heengaan van sy broer.

***

**RVN008/06/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/06/2017**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/06/2017**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: TERUGVOER VANAF DELEGASIE OOR WERKSTOER NA HEIST-OP-DEN-BERG GEMEENTE IN BELGIË</u>**
**9/1/2**
***('n Harde kopie word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in en gee bondige terugvoering aan die Raad rakende hul werkstoer na Heist-op-den-Berg, asook 'n visuele vertoning van foto's.

Sy noem aan die komitee dat hulle baie geleer het en dat dit vir hul persoonlik verrykend was.

Die Speaker bedank die delegasie vir hul goeie verteenwoordiging in België namens Bergrivier Munisipaliteit.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN011/06/2017**
**<u>VERSLAG OP GRONDVERSOEK TEN OPSIGTE VAN 'N GEDEELTE ERF 1002 PORTERVILLE</u>**
**15/3/8**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad toestem tot die onderverdeling en hersonering van die 15 ha gedeelte van Erf 1002 Porterville (Porterville Meent), geoormerk vir nywerheidsontwikkeling in die Raad se Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, vir nywerheidsdoeleindes ongeag die grondversoek wat ontvang is;
2. Dat voortgegaan word met Omgewingsimpakstudies, soos benodig vir die skep van 15 ha nywerheidsgrond, ongeag die grondversoek wat ontvang is; en
3. Dat die Raad 'n geskikte insetprys bepaal, met dien verstande dat die koper verantwoordelik sal wees vir die opgradering en voorsiening van dienste (water, riool, elektrisiteit) asook die skep van toegang op die Distrikspadingenieur se standaard. Die koper sal verantwoordelik wees vir enige Omgewingsimpakstudies wat addisioneel vir die beoogde gebruike benodig word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**RVN012/06/2017**
**GRONDVERSOEK TEN OPSIGTE VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 471 LAAIPLEK (L471)**
**15/3/8**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare rakende Erf 471, Laaiplek.

Raadslid Claassen versoek dat die Raad erf 471 verder ondersoek vir alternatiewe ontwikkeling.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

1. Dat die versoek nie toegestaan word nie;

2. Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste 'n ondersoek doen na alternatiewe moontlikhede en terugvoering gee by die staande komitee binne 'n tydperk van twee maande; en

3. Dat die ontwikkeling van die hele erf 471 prioriteit aandag geniet wanneer die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk opgestel word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**RVN013/06/2017**
**GRONDVERSOEK TEN OPSIGTE VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 1093 VELDDRIF (LÉeR VERW. V. 1093**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad toestem tot die onderverdeling van 'n gedeelte (5625m²) van Erf 1093 Velddrif, geoormerk vir nywerheidsontwikkeling in die Raad se Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, vir nywerheidsdoeleindes;

2. Dat die Raad oorweging daaraan skenk om 'n gedeelte van Erf 1093, Velddrif geoormerk vir nywerheidsontwikkeling in die Raad se Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, per tender beskikbaar te stel. 'n Bedrag van R275 000.00 (BTW ingesluit) word as insetprys voorgestel;

3. Dat die Raad 'n geskikte insetprys bepaal, met dien verstande dat die koper verantwoordelik sal wees vir die opgradering en voorsiening van Dienste; en

4. Dat die tender saamgestel word op so 'n wyse dat prys nie die enigste oorweging is nie, maar dat ontwikkelingsvoorstelle ook in aanmerking geneem word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**RVN014/06/2017**
**<u>VERKLARING VAN BOKKOMLAAN AS PROVINSIALE ERFENISGEBIED: (LEêR VERW.: V. 486)</u>**
**15/3/8**

Die Speaker lei die item in en gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad kennis neem van die verslae, soos voorgelê.

***

**RVN015/06/2017**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 3328 PIKETBERG (LEêR VERW.: PB.3328)</u>**
**15/3/8**
***('n Vervangende verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat Erf 3328, Piketberg op hierdie stadium nie vervreem/verhuur kan word nie omrede:

   1.1 Erf 3328, Piketberg geidentifiseer is as strategiese grond wat onder bespreking is om deel te vorm van die RSEP/VPUU program ***(Regional Socio-Economic Programme and Violence Prevention through Urban Upgrading Programme)*** wat die Provinsiale Regering Wes-Kaap in samewerking met Bergrivier Munisipaliteit vir Piketberg uitvoer; en

   1.2 Erf 3328, Piketberg is dus geïdentifiseer vir die lewering/verskaffing van munisipale dienste soos bepaal in Artikel 14 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (56 van 2003) en kan om voorgenoemde rede nie vervreem/verhuur word nie.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**RVN016/06/2017**
**VISHUISPERSEEL NO.8: ERF 486, VELDDRIF (BOKKOMLAAN)**
**17/12/3/2**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

1. Dat die aansoek vir toestemming om die perseel te gebruik vir die onthaal en voorsiening van bootritte en toere aan internasionale toergroepe en om nuwe toilette, 'n kombuisarea en binnebraai aan te bring op vishuisperseel No. 8 (Mev. C.E. Smit) **nie goedgekeur word nie**, omrede:

1.1 Die applikant beoog om toilette buite die grense van huurperseel no. 8 aan te bring vir die voorgestelde gebruik. Dit word voorgelê dat uitbreiding van hierdie huurperseel aanleiding sal gee tot verdere versoeke vir uitbreiding aan vishuise wat afbreuk sal maak aan die outentieke aard van Bokkomlaan en die historiese geboue daarop, afgesien daarvan dat 'n permit vanaf Erfenis Wes-Kaap ook benodig mag word ingevolge Artikel 34 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999. Die oopruimte (Erf 486, Velddrif) is slegs gesluit vir 'n huurarea en dit sal dus weer opgemeet en gesluit moet word by die Landmeter-Generaal;

1.2 Die voorstel sal tot gevolg hê dat toergroepe met voertuie per pad na die betrokke vishuis geneem word. Weens die feit dat Bokkomlaan nie oor 'n geteerde pad van 'n standaard breedte beskik nie, sal die addisionele verkeer na en van die betrokke vishuis meer stof en geraas veroorsaak. Die verhoogde geraas en stof sal afbeuk maak aan die karakter van Bokkomlaan, steurnis aan omliggende inwoners veroorsaak en die welstand van die natuurlike omgewing belemmer. Die huidige informele grondpad dra by tot die karakter van die gebied en sal verharding van die ryvlak afbreuk doen; en

1.3 Bokkomlaan is van erfenisbelang en speel 'n groot rol in die toerisme van die dorp. Die voorstel het hoofsaaklik ten doel om toeriste op toere te neem en hul te onthaal/vermaak, hoewel die verwerking van bokkoms steeds vanaf die eiendom sal plaasvind. Die voorgestelde onthaal fasiliteit vir toeriste, insluitend 'n binnebraai, druis in teen die aard en bestaan van Bokkomlaan. Hoewel die voorgestelde gebruik wel toerisme kan bevorder, sal dit nie bydra tot die bewaring van die erfenis van Bokkomlaan nie, maar dit eerder benadeel en 'n presedent skep vir verdere onthaal/vermaaklikheidsgebruike in Bokkomlaan.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**RVN017/06/2017**
**VERANDERING VAN FINANSIËLE STELSEL NA VESTA PHOENIX STELSEL**
**AGTERGROND**
**9/1/2**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie se goedkeuring dat Bergrivier 'n nuwe finansiële stelsel mag aankoop volgens Nasionale Tesourie se RT25-2016 tenderproses.

***

**RVN018/06/2017**
**AANSOEK OM DIE VOLGENDE ITEMS IN DIE BATEREGISTER AF TE SKRYF EN PER OPENBARE VEILING TE VERKOOP**
**6/1/1**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

Dat die Raad die bates in Aanhangsel "A" sertifiseer as nie meer benodig vir munisipale dienslewering nie en dat dit per veiling verkoop mag word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN019/06/2017**
**NUWE LID: PRESTASIE EN OUDITKOMITEE**
**12/2/2/21**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

Dat die komitee kennis neem van die verslae, soos voorgelê.

***

**RVN020/06/2017**
**REVIEW OF ANTI- FRAUD AND CORRUPTION POLICY (12/2/2/21)**
**12/2/2/21**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council take note of the report that was tabled at the meeting.

***

**RVN021/06/2017**
**<u>REVIEW OF AUDIT COMMITTEE CHARTER FOR THE 2016/2017 FINANCIAL YEAR</u>**
**12/2/2/21**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That Council take note of the report that was tabled at the meeting.

***

**RVN022/06/2017**
**<u>RISK MANAGEMENT POLICY REVIEW</u>**
**12/2/2/21**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That Council take note of the reports that was tabled at the meeting.

***

**RVN023/06/2017**
**<u>RAMPBESTUUR JAARVERSLAG 2016/17</u>**
**9/1/2**

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad kennis neem van die verslae, soos voorgelê.

***

**RVN024/06/2017**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: APRIL 2017</u>**
**5/1/B; 5/1/1**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That Council notes the Monthly Budget Statement and supporting documentation for April 2017.

***

**RVN025/06/2017**

**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 16 MEI 2017**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dindsdag 16 Mei 2017.

***

**RVN026/06/2017**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 MEI 2017**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 30 Mei 2017.

***

**RVN027/06/2017**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN028/06/2017**
**AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN029/06/2017**
**BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:05***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

______________________ ______________________

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***

***